higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# BEMARKINGSNAVORSING N6

(4030086)

**17 September 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

063Q1B2017

Kopiereg voorbehou

# DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
BEMARKINGSNAVORSING N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: 50
   AFDELING B: 150
   GROOTTOTAAL: 200

2. AFDELING A is VERPLIGTEND. Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.

3. AFDELING B: Beantwoord slegs DRIE vrae in hierdie afdeling.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Lees al die vrae aandagtig deur.

6. Alle vrae moet in die ANTWOORDBOEK beantwoord word.

7. Trek asseblief ’n streep ná elke vraag.

8. Lees al die vrae aandagtig deur.

9. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

Beantwoord al die vrae in AFDELING A.

### VRAAG 1

1.1 Noem VYF kernelemente van bemarkingsnavorsing. (5 × 2) (10)

1.2 Noem VYF voordele van bemarkingsnavorsing. (5 × 2) (10)

1.3 Gee die stappe in die bemarkingsnavorsingsproses in die korrekte volgorde. (8 × 2) (16)

1.4 ‘’n Akkurate en geskikte definisie van die navorsingsprobleem is noodsaaklik om ’n oplossing vir die kliënt se probleem te kry en is die belangrikste aspek van die bemarkingsnavorsingsproses.’

Bespreek die bostaande stelling. (7 × 2) (14)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE van die vier vrae in AFDELING B.

### VRAAG 2

2.1 Voltooi die volgende sinne deur ’n woord uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| Toekoms; oudit; kunsmatige; opname; verbloem; BIS; veld-; verslag; ordinale; reklame-; verhouding; ongestruktureerde; MkIS; interval; projeksie |

2.1.1 Die ... is afhanklik van die bestuursinligtingstelsel.

2.1.2 Die ... insamelingsmetode is ’n gewilde manier om data van kleinhandelaars te bekom.

2.1.3 Probleemoplossingnavorsing sluit ... navorsing in.

2.1.4 Die gevolge van bestuursbesluite word sigbaar in die ... .

2.1.5 In die ... skaal is die volgorde en die presiese verskil tussen die verskillende elemente bekend en die skaal is vooraf ingestel.

2.1.6 In ... waarneming neem die navorser alle aspekte van die fenomeen waar wat met die probleem voorhande verband hou.

Kopiereg voorbehou 

2.1.7 Die ... tegniek is 'n ongestruktureerde, onregstreekse vorm van vraagstelling wat respondente aanmoedig om hul onderliggende motiverings en gevoelens te projekteer.

2.1.8 Die ... skaal is 'n rangordebepalingskaal waarin getalle aan voorwerpe toegewys word om die relatiewe mate aan te dui waarin die voorwerpe die een of ander eienskap besit.

2.1.9 Wanneer 'n eksperiment in die ... omgewing gedoen word, hou omstandighede nou verband met werklike marktoestande.

2.1.10 Met ... waarneming word 'n ruimte geskep spesifiek vir die geleentheid wat waargeneem word.

(10 × 2) (20)

2.2 Beskryf VYF beginsels en toestande wat van toepassing is wanneer 'n steekproef in bemarkingsnavorsing geselekteer word. (5 × 2) (10)

2.3 Toetsbemarking is 'n beheerde eksperiment wat in beperkte maar noukeurig geselekteerde gedeeltes van die mark, bekend as toetsmarkte, uitgevoer word.

Beskryf VYF kriteria wat van toepassing sal wees wanneer die toetsmark gekies word. (5 × 2) (10)

2.4 Bespreek objektiwiteit in verslagskrywing. (5 × 2) (10)

**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1.1 Daar is drie belangrike metodes waarop data ingesamel word.

3.1.2 Sekondêre data help om 'n hipotese te toets.

3.1.3 Vertroulikheid is 'n voordeel wanneer 'n opname gedoen word.

3.1.4 Die Likert-skaalvraag het slegs twee moontlike opsies as antwoord.

3.1.5 Die mark is die bron waaruit die navorser data insamel.

3.1.6 Bevolkingsverspreiding beskryf die demografiese eienskappe van die verbruiker.

3.1.7 Markpotensiaal is die totale verwagte verkope van 'n gegewe produk of diens vir 'n spesifieke organisasie oor 'n bepaalde periode.

Kopiereg voorbehou 

3.1.8 'n Alternatiewe hipotese is 'n stelling waarin geen verskil of effek verwag word nie.

3.1.9 Die modus word gewoonlik geskat as die middelpunt tussen twee waardes.

3.1.10 'n Verhoudingskaal word gebruik om veranderlikes soos verkope, koste en markaandeel te meet.

(10 × 2) (20)

3.2 Die ontwerp van die navorsing spesifiseer die geskikste metode om die ondersoek te doen en hoe data ingesamel sal word.

Onderskei tussen VIER verskillende ontwerptipes wat in bemarkingsnavorsing aangetref kan word. (4 × 2) (8)

3.3 Onderskei tussen DRIE metodes waarvolgens kwalitatiewe data ingesamel word en gee 'n kort beskrywing van elk. (3 × 4) (12)

3.4 Beskryf VYF doelwitte van 'n goeie metingskaal. (5 × 2) (10)

**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 Veldwerk volg die ontwerp en produksie van die vraelys na. Die navorser moet die veldwerk konstruktief beplan.

Noem en beskryf kortliks VYF take wat die navorser vir veldwerkbeplanning moet doen. (5 × 2) (10)

4.2 Identifiseer die faktore wat die struktuur van die navorsingsverslag sal beïnvloed. (5 × 2) (10)

4.3 Die navorser moet vertroue hê in die inligting wat in die verslagdoening gebruik word en in staat wees om navorsingsbevindings te staaf.

Bespreek die rol van die vertrouensinterval in dataverwerking. (5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou 

4.4 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (4.4.1–4.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.4.1 | Hoofsaaklik gebruik om oorsaak en gevolg, of die ‘wat as’-scenario te toets | A | produknavorsing |
| 4.4.2 | Data wat die navorser help om die onderliggende redes vir verbruikers se gedrag te verstaan | B | verkoopspersoneelsamestelling |
| 4.4.3 | ’n Metode wat respondente motiveer om hul antwoorde te verduidelik, te omskryf of daarop uit te brei | C | RGPO (‘CAPI’) |
| 4.4.4 | Bepaal die optimale produkontwerp | D | kwalitatiewe data |
| 4.4.5 | Respondente sit by ’n rekenaar en gebruik die sleutelbord of muis om self die vraelyste in te vul. | E | uitvoerende opsomming |
| 4.4.6 | Tydens dataontleding word data-insameling gestruktureer en statistiese prosesse toegepas. | F | sekondêre data |
| 4.4.7 | Bestuurders stuur ’n boodskap aan die verbruiker oor die organisasie se aanbod. | G | kwantitatiewe data |
| 4.4.8 | Gebruik die kennis en menings van die organisasie se verkoopspersoneel as ’n bron van inligting. | H | interne sekondêre data |
| 4.4.9 | Die prys van die produk word verander om vas te stel of die verbruiker meer van die produk teen die nuwe prys sal koop. | I | bemarking |
| 4.4.10 | Dit sluit die belangrikste bevindings van die navorsing in. | J | indringende vraagstelling |
| | | K | eksperimentering |
| | | L | toetsbemarking |

(20)
**[50]**

## VRAAG 5

5.1 Markvooruitskatting is die metode wat die bestuur gebruik om inligting in te samel om die mark se waarskynlike ontwikkeling te assesseer.

5.1.1 Beskryf die belangrikste gedragspatrone van die tydreeksmetode. (4 × 2) (8)

5.1.2 Verduidelik kortliks die leierreeksmetode. (2)

5.2 Skryf die stappe in die vraelysontwerpproses in die korrekte volgorde neer. (8)

5.3 Verduidelik die voordele van 'n steekproef bo 'n sensus wanneer bemarkingsnavorsing gedoen word. (6 × 2) (12)

5.4 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (5.4.1–5.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.4.1 'n Voorbeeld van gerieflikheidsteekproefneming is ...

A lede van 'n klub of sosiale groep.
B kopers by 'n spesifieke plek.
C inwoners van 'n spesifieke dorp of gebied.
D Al die bostaande.

5.4.2 Watter een van die volgende is NIE 'n kriterium vir die keuse van veldwerkers nie?

A Moet goeie gesondheid geniet.
B Moet in staat wees om met verskillende tipes mense oor die
C weg te kom.
D Moet goeie kommunikasievaardighede besit.
Moet 'n tersiêre kwalifikasie besit.

5.4.3 Identifiseer TWEE tegnieke wat tydens die insameling van kwalitatiewe data van hulp sal wees.

A Gevallestudies en kliëntontleding.
B Meting en skalering.
C Voltooiing en assosiasie.
D Simulasie en gevallestudies.

5.4.4 Watter een van die volgende is 'n voorbeeld van 'n staatsbron van sekondêre data?

A Ipsos Markinor (Edms) Bpk
B Statistieke Suid-Afrika
C BMi Research
D Nasionale Vereniging van Outomobielvervaardigers van SA

5.4.5 Watter een van die volgende vrae probeer bemarkingsnavorsing gedurende die inleidende fase van die produklewensiklus beantwoord?

A Is daar enige bedreigings van mededingers in die mark?
B Hou verbruikers van die bemarkingsmetodes en verpakking?
C Hoe sterk is die produk in die mark?
D Is bevorderingstrategieë steeds doeltreffend?

5.4.6 Identifiseer die beskrywing wat NIE by ’n diepteonderhoud pas nie.

A ’n Opgeleide moderator lei en beheer die bespreking.
B Kan tydrowend wees.
C Is nie gestruktureer nie; het nie ’n vaste stel vrae nie.
D Het breë trekke wat die navorser in staat stel om die respondent deurdringend uit te vra.

5.4.7 Watter EEN van die volgende is NIE ’n voorbeeld van verkoopontleding nie?

A Opname van koper se voorneme
B Kliëntontleding
C Markfaktorafleiding
D Toetsmarkte

5.4.8 Gestel ’n reeks bestaan uit die getalle 2, 4, 4, 6, 7, 9, 10.

Watter een is die mediaan?

A 10
B 4
C 6
D 42

5.4.9 Identifiseer die item wat NIE by die titelblad van die navorsingsverslag ingesluit sal word nie.

A Publikasiedatum
B Hooftema van die verslag
C Naam van die navorsingsmaatskappy
D Navorsingsopdrag

5.4.10 Hierdie tipe vraag lei die respondent om ’n antwoord of antwoorde uit ’n lys opsies te kies.

A Likert-skaalvraag
B Meet terugvoering-vraag
C Meerkeusevraag
D Tweedelige vraag

(10 × 2) (20)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou